

LANDBOUWETENSKAPPE

Hierdie dokument moet tesame met die IEB-handleiding vir die Moderering van Skoolgebaseerde Assessering (Bygewerk Oktober 2015) gelees word.

A. WYSE VAN ASSESSERING

Vraestel I: Teorie 3 uur [300]
 Skoolgebaseerde Assessering (SGA) [100]

400 punte

B. VEREISTES

1. EKSAMENS

Vraestel I:	Landbouwetenskappe		
Titel of beskrywing	Teorievraestel I		
Tyd:	3 uur	Puntetotaal:	300
Fokusterreine:	Vrae word oor al die onderwerpe gestel		
Struktuur van die vraestel:	Die vraestel bestaan uit die volgende: Afdeling A bestaan uit doelwittipe vrae – 80 punte. Afdeling B bestaan uit 4 gestruktureerde vrae – 50 punte vir elke vraag. Afdeling C verg 'n uitgebreide skryfstukantwoord. Alle vrae is verpligtend.		

Gewig van kognitiewe vlakke:	60%			40%		
	30% Kennis	20% Begrip	10% Toepassing	10% Ontleding	15% Sintese	15% Evaluering

2. Skoolgebaseerde Assessering (SGA)

SGA-item	Gewig
Voorlopige eksamen/Proefvraestel	25
Beheerde toets #1	15
Beheerde toets #2	15
Beheerde skryfstuk (opstel)	15
Mondelinge taak	15
Visuele taak	15
TOTAAL	100

C. INTERPRETASIE VAN VEREISTES

1. EKSAMEN

Die Asseseringsillabus

Die doel van hierdie Asseseringsillabus is om IEB-onderwysers te help om 'n gemeenskaplike begrip van die omvang van die onderwerpe te bereik en skole dus te ondersteun wat betref die konsekwente beplanning van hul onderrig-, leer- en assesseringsprogramme, sowel as om die IEB-eksamen en SGA-vereistes vir Graad 12 vir onderwysers, assessors en moderators eksplisiet te maak.

Die dokument is nie bedoel om 'n onderrigsillabus te wees nie. Individuele onderwysers en skole is nie tot die inhoud van die Asseseringsillabus beperk nie; dit staan hulle vry om in hul eie kurrikulumlewing hierop uit te brei. Die onderrig- en leerprogram moet ryk, stimulerend en uitdagend wees, terwyl assessering op die assesseringsvereistes van die vak gefokus is in die bydrae daarvan tot die kwalifikasie.

Die Asseseringsillabusse vir Graad 10 en 11 word ingesluit met die oog op inligting en leiding, maar slegs die Graad 12-asseseringsillabus is verpligtend. Landbouwetenskappe is egter 'n DRIEjaarkursus en daarom moet leerders 'n begrip hê van al die terminologie en konsepte van vorige grade waar dit die basis van werk in die volgende graad/grade vorm.

Die Asseseringsillabus volg die SGA-vereistes.

2. SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING

2.1 Voorlopige Eksamen/Proefvraestel (25 punte uit 100)

Hierdie komponent moet kom uit die laaste belangrike Summatiewe Assessering wat voor die Finale NSS-eksamentydperk moes plaasvind. Die eksamen moet die eksterne eksamen naboots in ontwerp, strengheid en formaat. Hoewel al die inhoud dalk nog nie voor die datum van die Voorlopige Eksamen gedek is nie, moet die vraestel opgestel word volgens die tyd en strengheid van die Eindeksamen.

2.2 Beheerde Toetse (twee toetse: elkeen moet 15 uit 100 tel)

Beheerde toetse word deur die hele graad geskryf (verkieslik tegelykertyd). Dit moet minstens 50 punte elke tel en moet diep binne een onderwerp of oor onderwerpe heen assesseer. 60% van die punte moet met laerorde-denkvaardighede (kennis, begrip en toepassing) verband hou en 40% met hoërorde-denkvaardighede (ontleding, sintese en evaluering).

2.3 Take

Die drie take moet oor verskillende onderwerpe gestel word.

2.3.1 Beheerde Skryfstuk (15 punte uit 100)

Hierdie SGA-item is bedoel om die hoërorde-denkvaardighede van ontleding, sintese en evaluering van kennis in 'n gereguleerde pen-en-papier-oefening te toets. Dit is belangrik om die kandidate genoeg tyd te gee om hierdie aktiwiteit deeglik te beplan en uit te voer. Een uur word aanbeveel as die ideale hoeveelheid tyd wat nodig is om 'n opstel van 400 tot 600 woorde te beplan en te skryf. Die inhoudsterrein/tema van die opstel (**nie die vraag nie**) moet voor hierdie aktiwiteit as 'n inligtingsblad aan die kandidate voorsien word om dit vir hulle moontlik te maak om aanvanklike leeswerk en beplanning te doen. Die werklike vraag vir die opstel moet eers as 'n instruksieblad voorsien word op die dag as kandidate die lokaal binnegaan om te skryf. Kandidate moet toegelaat word om hulpbronne soos handboeke en aantekeninge saam met hulle na die sessie te bring om hulle die geleentheid te bied om die akkuraatheid van feite na te gaan. Dit is belangrik om daarop te let dat dit nie die inhoud van die opstel is wat in hierdie aktiwiteit van primêre belang is nie, maar eerder hoe die kandidaat die inhoud gebruik het om 'n antwoord te motiveer. Leerders kan byvoorbeeld gevra word om hul mening oor 'n kontroversiële kwessie te gee en dit te motiveer, 'n bepaalde proses te kritiseer of 'n strategie vir die hantering van 'n kwessie te verskaf.

Die tema/inhoudsterrein wat aan die kandidate gegee word, moet met die Graad 12-assesseringsillabus verband hou. Hierdie aktiwiteit bied aan die kandidate 'n geleentheid om nuwe kennis met hul bestaande kennis te verbind. Hierdie SGA-stuk moet aan die hand van 'n nasienrubriek nagesien word.

2.3.2 Mondelinge Aanbieding

Hierdie individuele taak behels die versameling, verwerking en woordelike aanbieding van inligting oor 'n aktuele onderwerp. Die aanbieding moet 'n inleiding, hoofgedeelte en gevolgtrekking hê. Visuele hulpmiddels soos Power Point®, 'n plakkaat of 'n kaart mag gebruik word om die aanbieding te ondersteun. Die inhoud moet minstens 80% van die punt tel. Dit beteken dat die aanbieding nie meer as 20% van die algehele punt moet tel nie. Sigkopiebewys van die aanbieding, byvoorbeeld foto's, wenkkaartjies of PowerPoint®-skyfies, moet in die Leerderlêer ingesluit word.

2.3.3 Visuele Taak

Hierdie taak moet 'n produk wees wat inligting visueel oordra, byvoorbeeld 'n brosjure, boekie of plakkaat. Die produk moet op landboukwessies gegrond wees. Die assessering van die inhoud moet aantreklikheid verbygaan. Die inhoud moet minstens 80% van die punt tel. Dit beteken dat die aanbieding nie meer as 20% van die algehele punt moet tel nie. Sigkopiebewys van die taak, byvoorbeeld foto's van die brosjure, boekie of plakkaat, moet in die Leerderlêer ingesluit word.

Moderering op Skoolvlak

Daar word verwag dat moderering van die assesseringsproses op skoolvlak plaasgevind het om te verseker dat assessering geldig, billik en betroubaar is. Dit sluit moderering van assesserings voor dit deur leerders gedoen word, moderering van die nasien van die leerderbewys deur die onderwyser/assessor en kontrolering van die berekening van leerders se uitslae in. Bewys dat dit plaasgevind het, moet in beide die Onderwyserlêer en Leerderlêers ingesluit word.

LANDBOUWETENSKAPPE: ASSESSERINGSILLABUS

GRAAD 10

Onderwerp	Subonderwerp	Inhoud	Voorbeelde (ingesluit maar nie daartoe beperk nie)
Grondkunde	Basiese grondkomponente	<p><i>Die konsep: grond</i></p> <ul style="list-style-type: none"> Die hoof funksies/belangrikheid van grond in 'n ekosisteem <i>Die volgende hoofkomponente van grond:</i> <ul style="list-style-type: none"> Organiese materiaal, Grondlug, Grondwater en Mineraledeeltjies 	
	Gesteentes en rotsvorming	<p><i>Die konsep: rotse/moedergesteentes</i></p> <ul style="list-style-type: none"> Die hoof tipes gesteentes op grond van: <ul style="list-style-type: none"> Hul oorsprong (vorming) wat belangrik is in grondvormingsprosesse <ul style="list-style-type: none"> Stollingsgesteentes, Sedimentêre gesteentes en Metamorfiëse gesteentes Die bewerkingseienskappe/geskiktheid van grond wat ontstaan uit verskillende tipes gesteentes 	Stollingsgesteentes: Graniet, Basalt Sedimentêre gesteentes: Sandsteen, Skalie Metamorfiëse gesteentes: Marmar, Leiklip
	Verwerking van gesteentes	<p><i>Die konsep: verwerking van gesteentes</i></p> <ul style="list-style-type: none"> Die belangrikheid van die verwerking van gesteentes Die verweringsfaktore wat by grondvorming belangrik is: <ul style="list-style-type: none"> Fisiese/meganiese verwerking, Chemiese verwerking en Biologiese verwerking 	
	Minerale (primêre en sekondêre)	<p><i>Die konsep: minerale</i></p> <ul style="list-style-type: none"> Die vernaamste verskille tussen primêre en sekondêre minerale <ul style="list-style-type: none"> Primêre minerale en Sekondêre minerale Die hoof kenmerke wat vir die identifisering van minerale gebruik word 	Primêre minerale: Kwarts, Veldspaat Sekondêre minerale: Kleie, Oksiede
	Grondvorming	<p><i>Die konsep: grondvorming</i></p> <ul style="list-style-type: none"> Die beskrywing van die volgende vernaamste grondvormingsfaktore: <ul style="list-style-type: none"> Geografiese/topografiese faktore, Klimaatsfaktore, Organismes/biologiese faktore, Moedermateriaal en Tyd Grondvormingsprosesse wat in grond aktief is: <ul style="list-style-type: none"> Mineralisering, Humifisering, Uitloging, Luviasie, Plintietvorming, Omkering en Bioturbasie 	Geografiese/Topografiese faktore: Hoogte, Helling, Aansig Klimaatsfaktore: Temperatuur, Reënval, Wind Organismes/biologiese faktore: Plante/plantegroei, Mesofauna, Diere, Menslike aktiwiteit Moedermateriaal: Geologie, Mineralogie

Onderwerp	Subonderwerp	Inhoud	Voorbeelde (ingesluit maar nie daartoe beperk nie)
Volhoubare Benutting van Natuurlike Hulpbronne	Natuurlike en landbouhulpbronne	<p><i>Die konsepte: natuurlike hulpbronne en landbouhulpbronne</i></p> <ul style="list-style-type: none"> • Die verskillende tipes landbouhulpbronne en hul belangrikheid vir Landbou met toepaslike voorbeelde • Die druk wat deur die toenemende bevolking op die natuurlike hulpbronne uitgeoefen word om aan die vraag na voedsel te voldoen • Die volhoubare benutting van natuurlike hulpbronne in Landbou 	
	Weidingsekologie	<p><i>Die konsepte: weidingsekologie</i></p> <ul style="list-style-type: none"> • Natuurlike en kunsmatige weiding • Weidingsekologie <ul style="list-style-type: none"> - Ekologiese opeenvolging in grasveld en aanpassings by weiveld deur wilddiere voor landbou - Selektiewe en nieselektiewe beweiding - Geen beweiding • Optimale beweiding <ul style="list-style-type: none"> - Drakrag/weidingskapasiteit en veebelading • Veldtipes van Suider-Afrika: <ul style="list-style-type: none"> - Soetveld, Suurveld en Gemengde veld • Kenmerke van weidingsplante <ul style="list-style-type: none"> - Weidingswaarde in terme van smaaklikheid - Voedingswaarde en weerstand teen beweiding - Ekologiese status • Wetenskaplike benadering tot weiveldevaluering en monitering <ul style="list-style-type: none"> - Metodes wat gebruik word om die toestand van weivelde te bepaal 	
	Weidings- of veldbestuur	<p><i>Die konsepte: weidings- of veldbestuur</i></p> <ul style="list-style-type: none"> • Belangrikheid van weivelde vir die lewendehawe-bedryf in Suid-Afrika • Verwantskap tussen weiveldbestuur en weiveldtoestand • Veldbestuurpraktyke: <ul style="list-style-type: none"> - Veebelading, diereverhouding en weidingstelsels • Veldbestuurstelsels <ul style="list-style-type: none"> - Gebruik van kampe/boerderyeenhede • Voordele en nadele van die verskillende weidingstelsels • Die weiveldbestuurspraktyke wat tot swak weiveldtoestande lei 	<p>Weidingstelsels: Stadige wisselweiding, Deurlopend, Wild- en kommunale boerdery, Brand van veld</p>

Onderwerp	Subonderwerp	Inhoud	Voorbeelde (ingesluit maar nie daartoe beperk nie)
Plantestudies	Belangrikheid en ekonomiese waarde van plante in landbou	<ul style="list-style-type: none"> Die gemiddelde produksievolumes van ekonomies belangrike gewasse/plante: <ul style="list-style-type: none"> Die hoofproduksiegebiede van gewasse in Suid-Afrika Die algemene ekonomiese belangrikheid en benutting van gewasse Kriteria vir suksesvolle gewasproduksie 	
	Klassifikasie volgens menslike gebruik	<ul style="list-style-type: none"> Eetbare gewasse <ul style="list-style-type: none"> Vrugte <ul style="list-style-type: none"> Boomvrugte (Sitrus, Appel, Steen of ander), Kleinvrugte (Bessies) of ander Groente <ul style="list-style-type: none"> Groeiseisoen (warm of koel seisoen) of die deel van die plant wat verbruik word (wortel, bas, stingel, blaar, blom, vrug of saad) Kruie <ul style="list-style-type: none"> Kulinêr of Medisinaal Neute <ul style="list-style-type: none"> Boom- of grondneute Brandstof Vesel Bouwerk/konstruksie Sier-/Landskapplante <ul style="list-style-type: none"> Houterige plante, kruidagtige plante of gras/grasblad Potplante, huisplante, geskenkplante <ul style="list-style-type: none"> Blomgeskenkplante of loofplante 	Alfabetiese lys van plantvoorbeelde: <ul style="list-style-type: none"> Aarbei; Appel; Appelkoos; Artisjok; Aspersie; Avokado Beet; Blaarslaai; Blomkool; Broccoli Den; Druwe Eiervrug Framboos Gomboom; Grenadella; Grondboontjie Hawer Kaneel; Kasjoe; Katoen; Kersie; Kikoejoe; Klapper; Koejawel; Kool; Koring; Kruisbessie Laventel; Lemoen; Lietsjie Mahonieboom; Makadamia; Mango; Mielies; Moetard Olywe Pampoen; Patat; Peer; Pekan; Peper; Perske; Piesang; Pietersielie; Pomelo; Pynappel Radys; Rog Seldery; Sisal; Soetrissie; Sojaboon; Spanspek; Spinasie; Suikerriet; Suurlemoen Tee (Camellia); Tiemie Wattelboom; Wortels
	Klassifikasie volgens klimaatsvereistes	<ul style="list-style-type: none"> Tropies Subtropies Gematig Noordelik Arkties Woestyn 	
	Klassifikasie volgens groeigewoonte	<ul style="list-style-type: none"> Bome, struik of rankplante 	
	Klassifikasie volgens blaarbehoud	<ul style="list-style-type: none"> Bladwisselend of Immergroen 	
	Klassifikasie volgens lewensduur	<ul style="list-style-type: none"> Jaarplante Tweejaarplante Meerjarige plante Kombinasie 	

Onderwerp	Subonderwerp	Inhoud	Voorbeelde (ingesluit maar nie daartoe beperk nie)
Plantestudies vervolg	Agronomiese klassifikasie	<ul style="list-style-type: none"> • Loofvoer <ul style="list-style-type: none"> - Gras (Jaarplante en Meerjarige plante) - Peulplante • Peulplante • Graan of ontbytgraan • Kleingraan • Dekgewas • Vanggewas • Groenbemestinggewas • Begeleidende of pleeggewas • Hooi • Rygewas • Kuilvoer • Groenvoergewas • Fuikgewas • Oliesaadgewas • Veselgewas • Wortel- en knolgewas • Suikergewas • Dwelmmiddel-/stimulant-/drankgewas • Vlugtigeolie-gewas • Rubbergewas 	
	Blomme en struike	<p>Blomgewasse</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die basiese klimaats- en grondvereistes van die volgende hoofipes blomgewasse wat op groot skaal in Suid-Afrika gebruik word: <ul style="list-style-type: none"> - Fynbos – Diversiteit en landboutoerisme - Tuinblomme – Blomme as fokuspunte - Snyblomme – Blommewinkels, feesseisoene en spesiale geleenthede <p>Struike en inheemse gewasse:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die basiese klimaats- en grondvereistes vir die volgende struike: <ul style="list-style-type: none"> - Rooibos en Rose 	
	Bosbou	<ul style="list-style-type: none"> • <i>Die konsep: Woude versus plantasies</i> (houtproduksie) • Die klassifikasie van die hoofgroepe woudegewasse/bome <ul style="list-style-type: none"> - Hardehout-tipes - Sagtehout-tipes • Die onderskeid tussen natuurlike woude (inheems) en kommersiële plantasies (uithoems) • Redes vir die bevordering en kweek van beskermde bome/plante en die uitwissing van indringerbome/-plante 	

Onderwerp	Subonderwerp	Inhoud	Voorbeelde (ingesluit maar nie daartoe beperk nie)
Dierestudies	Algemene belangrikheid en ekonomiese waarde van plaasdiere	<ul style="list-style-type: none"> • Ontwikkeling en makmaak van plaasdiere • Die algemene ekonomiese belangrikheid van die lewendehawe-bedryf in Suid-Afrika met verwysing na: <ul style="list-style-type: none"> - Beeste – Vleis, Melk en Velle - Skape – Wol, Vleis, Vag en Velle - Bokke – Vleis, Sybokhaar en Velle - Varke – Vleis, Varkprodukte en Varkhaar - Pluimvee – Braaikuikens en Eiers - Perde, muile en donkies – Werk, Sport en Ontspanning - Algemene neweprodunkte van diere (wat insluit maar nie beperk is nie tot): <ul style="list-style-type: none"> ▪ Bemesting, Beenmeel, Karkasmeel, Bloedmeel en Veremeel • Die basiese verskille tussen herkouers en nieherkouers met toepaslike voorbeelde 	
	Klassifikasie van plaasdiere	<p>Beeste</p> <ul style="list-style-type: none"> • Klassifikasie volgens: <ul style="list-style-type: none"> - Spesie <ul style="list-style-type: none"> ▪ <i>Bos indicus</i> (Afrika- of Asiatiese tipes), <i>Bos taurus</i> (Europese tipe) en Saamgestelde ras bestaande uit 'n <i>Bos indicus</i> gekruis met 'n <i>Bos taurus</i> - Produksiedoel <ul style="list-style-type: none"> ▪ Bief of vleis, Dubbele doel (vleis en melk) en Melk • Klassifiseer deur te kyk na: <ul style="list-style-type: none"> ▪ Basiese struktuur, Funkisionaliteit, Land van herkoms, Unieke kenmerke en Spesiale aanpassingseienskappe 	<p>Rasse:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vleisrasse <ul style="list-style-type: none"> - Inheemse of plaaslik ontwikkelde rasse wat insluit maar nie beperk is nie tot: <ul style="list-style-type: none"> ▪ <i>Afrikaner, Bonsmara, Drakensberger en Nguni</i> - Uitheemse rasse wat insluit maar nie beperk is nie tot: <ul style="list-style-type: none"> ▪ <i>Hereford, Dexter, Bangus, Limousin, Aberdeen Angus, Brahman, Boran</i> • Suiwelrasse wat insluit maar nie beperk is nie tot: <ul style="list-style-type: none"> - <i>Holstein/Friesland, Jersey, Guernsey, Ayrshire</i> • Dubbeldoelrasse wat insluit maar nie beperk is nie tot: <ul style="list-style-type: none"> - <i>Pinzgauer, Simmentaler</i>
		<p>Skape</p> <ul style="list-style-type: none"> • Klassifikasie volgens doel: <ul style="list-style-type: none"> - Vleis, Wol, Dubbele doel en Vag • Klassifiseer deur te kyk na: <ul style="list-style-type: none"> - Basiese struktuur, Funkisionaliteit, Land van herkoms, Unieke kenmerke en Spesiale aanpassingseienskappe 	<p>Rasse:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Wolrasse wat insluit maar nie beperk is nie tot: <ul style="list-style-type: none"> - <i>Merino</i> • Dubbeldoelrasse wat insluit maar nie beperk is nie tot: <ul style="list-style-type: none"> - <i>Dohne Merino, SA Vleismerino, Ile de France, Dormer</i> • Vleisrasse wat insluit maar nie beperk is nie tot:

Onderwerp	Subonderwerp	Inhoud	Voorbeelde (ingesluit maar nie daartoe beperk nie)
			<ul style="list-style-type: none"> - <i>Damara, Persies, Van Rooy, Dorper</i> • Pelsrasse wat insluit maar nie beperk is nie tot: <ul style="list-style-type: none"> - <i>Karakoel</i>
Dierestudies vervolg	Klassifikasie van plaasdiere vervolg	Bokke <ul style="list-style-type: none"> • Klassifikasie volgens doel: <ul style="list-style-type: none"> - Vleis, Dubbele doel, Suiwel/melk, Vesel • Klassifiseer deur te kyk na: <ul style="list-style-type: none"> - Basiese struktuur, Funkisionaliteit, Land van herkoms, Unieke kenmerke, Spesiale aanpassingseienskappe 	Rasse: <ul style="list-style-type: none"> • Vleisrasse wat insluit maar nie beperk is nie tot: <ul style="list-style-type: none"> - <i>Boer, Savanna, Kalahari Red</i> • Melk-/suiwelrasse wat insluit maar nie beperk is nie tot: <ul style="list-style-type: none"> - <i>Saanen, British Alpine, Toggenburg</i> • Dubbeldoelrasse wat insluit maar nie beperk is nie tot: <ul style="list-style-type: none"> - <i>Nguni, Xhosa-Hangoor, Noord-Kaapse Skilder</i> • Veselrasse wat insluit maar nie beperk is nie tot: <ul style="list-style-type: none"> - <i>Angora</i>
		Varke <ul style="list-style-type: none"> • Geklassifiseer volgens vlak van “kommersiële verbetering” <ul style="list-style-type: none"> - Onverbeterd/inheems, Verbeterd • Klassifiseer deur te kyk na: <ul style="list-style-type: none"> - Basiese struktuur, Funkisionaliteit, Land van herkoms, Unieke kenmerke, Spesiale aanpassingseienskappe 	Rasse: <ul style="list-style-type: none"> • Onverbeterde rasse wat insluit maar nie beperk is nie tot: <ul style="list-style-type: none"> - <i>Kolbroek, Transki Black, Boepens</i> • Verbeterde rasse wat insluit maar nie beperk is nie tot: <ul style="list-style-type: none"> - <i>Groot Wit, Duroc, Landrace, Pietrain, Kommersiële varke</i>
		Pluimvee <ul style="list-style-type: none"> • Klassifikasie volgens doel: <ul style="list-style-type: none"> - Vleisproduksie, Eierproduksie, Dubbele doel • Klassifiseer deur te kyk na: <ul style="list-style-type: none"> - Basiese struktuur, Funkisionaliteit, Land van herkoms, Unieke kenmerke, Spesiale aanpassingseienskappe 	Rasse: <ul style="list-style-type: none"> • Vleisrasse <ul style="list-style-type: none"> - <i>Braaikuikens</i> • Eiers <ul style="list-style-type: none"> - <i>Lêhenne</i> • Dubbeldoel <ul style="list-style-type: none"> - Inheemse rasse wat insluit maar nie beperk is nie tot: <ul style="list-style-type: none"> ▪ <i>Kaalnek, Venda, Ovambo, Potchefstroom Koekoek</i> - Uitheemse rasse wat insluit maar nie beperk is nie tot: <ul style="list-style-type: none"> ▪ <i>Rhode Island Red, Australorp, Cornish Game, Plymouth Rock, Leghorn</i>

Onderwerp	Subonderwerp	Inhoud	Voorbeelde (ingesluit maar nie daartoe beperk nie)
		<p>Perde, donkies en muile</p> <ul style="list-style-type: none"> Klassifikasie volgens spesie: <ul style="list-style-type: none"> Perde, Donkies, Muile Klassifikasie volgens doel: <ul style="list-style-type: none"> Lig/ry, Trek Klassifiseer deur te kyk na: <ul style="list-style-type: none"> Basiese struktuur, Funkisionaliteit, Land van herkoms, Unieke kenmerke, Spesiale aanpassingseienskappe 	<p>Rasse:</p> <ul style="list-style-type: none"> Ligte/ryrasse wat insluit maar nie beperk is nie tot: <ul style="list-style-type: none"> <i>Thoroughbred, Arabier, Kwartmylperde</i> Trekrasse wat insluit maar nie beperk is nie tot: <ul style="list-style-type: none"> <i>Shire, Percheron, Clydesdale</i>
Dierestudies vervolg	Klassifikasie van plaasdiere vervolg	<p>Wild</p> <ul style="list-style-type: none"> Klassifikasie volgens: <ul style="list-style-type: none"> Spesie Voedselbehoefte <ul style="list-style-type: none"> Herbivoor (Selektiewe weidier, Massaweidier, Struikvreter), Omnivoor, Karnivoor (Roofdier, Aasvreter) Habitat Natuurlike verspreiding Gewoontes <ul style="list-style-type: none"> Dagdier of nagdier Klassifiseer deur te kyk na: <ul style="list-style-type: none"> Basiese struktuur, Funkisionaliteit, Land van herkoms, Unieke kenmerke, Spesiale aanpassingseienskappe 	<p>Ras/spesie</p> <ul style="list-style-type: none"> Herbivore wat insluit maar nie beperk is nie tot: <ul style="list-style-type: none"> Renosters, Olifante, Buffels, Koedoes, Elande, Springbokke, Rietbokke Omnivore <ul style="list-style-type: none"> Ape, Bobbejane, Vlakvarke Karnivore <ul style="list-style-type: none"> Leeus, Luiperds, Karakals/Rooikatte, Hiënas, Jakkalse
	Gedrag en hantering van plaasdiere	<p>Gedrag van plaasdiere</p> <ul style="list-style-type: none"> Die algemene gedrag van die volgende plaasdiere onder verskillende omstandighede: <ul style="list-style-type: none"> Groot herkouters (beeste), Klein herkouters (skape), intensiewe nieherkouters (varke); en Pluimvee. <p>Hantering van plaasdiere</p> <ul style="list-style-type: none"> Die redes vir/belangrikheid van die hantering van plaasdiere Die effek van foutiewe hantering op plaasdiere (skade en effek) Die basiese riglyne vir die hantering van die volgende plaasdiere: <ul style="list-style-type: none"> Groot herkouters (beeste), klein herkouters (skape), intensiewe nieherkouters (varke); en Pluimvee. Die verskillende tegnieke/gereedskap/hulpmiddels wat gebruik word om plaasdiere te hanteer Die basiese riglyne/vereistes vir die vervoer/verskuiwing van plaasdiere van een plaas na 'n ander/na abattoirs 	

Onderwerp	Subonderwerp	Inhoud	Voorbeelde (ingesluit maar nie daartoe beperk nie)
Landbou- ekonomie	Landbouwetgewing	<ul style="list-style-type: none"> • <i>Die volgende wetlike konsepte:</i> <ul style="list-style-type: none"> - Die Grondwet - Groenskrif - Landbouwetgewing/-wette (basiese wetgewing) - Wysigings (wette) en - Regulasies/verordeninge • Die mikpunte/doelwitte van landbouwetgewing • Die belangrike wette wat landbou (direk of indirek) beïnvloed, byvoorbeeld: <ul style="list-style-type: none"> - Arbeid, Grond, Bemarking, Hulpbronbeskerming, Siektebeheer en Chemikalieë 	
	Landbou-organisasies	<ul style="list-style-type: none"> • Die basiese doelwitte van landbou-organisasies • Die nasionale, provinsiale en plaaslike vlakke van landbou-organisasies (met toepaslike voorbeelde) • Die rolle van die volgende landbou-organisasies wat in Suid-Afrika aangetref word: <ul style="list-style-type: none"> - Landbounavorsingsraad (LNR) - Nasionale Landboubemarkingsraad (NLBR) en - Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) • Minstens VIER voordele van nasionaal erkende landbou-organisasies • Organisasie vir individuele boere 	
Basiese Genetika en Biologiese Konsepte	Plant- en dierselle	<ul style="list-style-type: none"> • <i>Die basiese konsepte: sel, weefsel en organe in lewende organisme</i> • Organisasievlakke van 'n veelsellige organisme • Plant- en dierselle met inbegrip van: <ul style="list-style-type: none"> - Benoemde diagramme - Identifisering van die hoofselstrukture en organelle - Funksies in beide plant- en dierselle • Verskille tussen 'n diersel en 'n plantsel 	
	Seldeling	<ul style="list-style-type: none"> • <i>Die konsep: seldeling</i> • Die seldelingsproses en die toepassing daarvan (die belangrikheid van seldeling in plante en diere) • Die tipes seldeling in plante en diere (mitose en meiose) • Die beskrywing van die proses van beide mitose- en meiose-seldeling • Die identifikasie/beskrywing van die fases van mitose en meiose • Hoe seldeling (mitose en meiose) plaasvind • Die verskille tussen mitose en meiose 	

Onderwerp	Subonderwerp	Inhoud	Voorbeelde (ingesluit maar nie daartoe beperk nie)
Basiese Landbouchemie	Basiese landbouchemie	<p>Inleiding tot basiese chemie</p> <ul style="list-style-type: none"> • <i>Die volgende terminologie: materie, atoom, molekules, periodieke tabel en isotope</i> • Die verskille tussen elemente, verbindinge en mengsels (met toepaslike voorbeelde) • Die basiese interpretasie van die periodieke tabel van elemente • Die verskil tussen sure en basisse • Die algemene struktuur van 'n atoom • Die hoofipes deeltjies van 'n atoom en hul onderskeie ladings • Die verband tussen atoomgetalle en getal deeltjies in die kern • Die vorming van ione • Die rangskikking van elektrone om die kern en valensie 	
	Chemiese bindings	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Basiese chemiese binding soos dit voorkom om 'n molekule te vorm • Die volgende chemiese bindings met hul onderskeie struktuurformules: <ul style="list-style-type: none"> - kovalente binding (waterstofgas, water, ens.); en - ioniese binding (koperchloried, natriumchloried, ens.) 	
	Organiese en anorganiese verbindinge	<ul style="list-style-type: none"> • Die onderskeid tussen anorganiese en organiese verbindinge (met voorbeelde) • Die chemiese formules, struktuurformules, Lewis-strukture, belangrikheid en funksies van die volgende anorganiese verbindinge: <ul style="list-style-type: none"> - water - koolstofdioksied - mineraalsoute, byvoorbeeld natriumchloried/tafelsout - ammoniak • Die kenmerke van die koolstofatoom (binding op die koolstofatoom) en organiese stowwe • Die basiese groepering van organiese bindings 	
	Alkane en alkohole	<p>Alkane</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die basiese tipes alkane (nie meer as 5 koolstofatome nie) • Hul chemiese en struktuurformules • Hul belangrikheid in plante en diermetabolisme • <i>Die konsep: isomere soos geïllustreer deur eenvoudige alkaanstrukture</i> <p>Alkohole</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die basiese tipes alkohole (hul strukture en belangrikheid) met verwysing na metanol en etanol • Vergelyking tussen alkohole en alkane op grond van hul algemene struktuurformules 	

Onderwerp	Subonderwerp	Inhoud	Voorbeelde (ingesluit maar nie daartoe beperk nie)
Basiese Landbouchemie vervolg	Vetsure en biomolekules	<p>Vetsure</p> <ul style="list-style-type: none"> Die chemiese struktuur van 'n eenvoudige vetsuur Onderskeid tussen versadigde en onversadigde vetsure (hul strukture en belangrikheid) Die verskille tussen vetsure en alkohole op grond van hul struktuurformules Biomolekules <p>Lipiede</p> <ul style="list-style-type: none"> Basiese samestelling van 'n eenvoudige lipied/vet Die verskille tussen vette en olies, versadigde en onversadigde vette Die hoof funksies/belangrikheid van lipiede/vette in lewende organismes 	
	Lipiede/vette	<ul style="list-style-type: none"> Algemene struktuur van die monomere van proteïene (aminosure) Die verskille tussen eenvoudige en komplekse proteïene (ook essensiële aminosure en nie-essensiële aminosure genoem) Die algemene struktuur van polipeptiede/eenvoudige proteïene Die sintese en hidrolise van proteïene Die hoof funksies/belangrikheid van proteïene in lewende organismes 	
	Proteïene	<ul style="list-style-type: none"> Die basiese chemiese samestelling van koolhidrate Die algemene formules van koolhidrate Struktuur- en chemiese formules van eenvoudige suikers (monosakkariede) Die hoof klassifikasies van koolhidrate – monosakkaried, disakkaried en polisakkaried (met toepaslike voorbeelde) Die hoof funksies van koolhidrate in lewende organismes 	
Koolhidrate	<p><i>Die konsepte: ekologie, vlakke van organisasie (individueel, spesie, populasie, gemeenskap, ekosisteem, bioom, biosfeer)</i></p> <ul style="list-style-type: none"> <i>Die konsepte: landbou-ekologie, landbou-ekosisteme</i> Komponente van ekosisteme <ul style="list-style-type: none"> Biotiese en abiotiese faktore Die biotiese en abiotiese faktore/komponente wat 'n ekosisteem beïnvloed: <ul style="list-style-type: none"> <i>Abiotiese faktore:</i> <ul style="list-style-type: none"> Fisiografiese faktore (helling, aansig, hoogte) Klimaatsfaktore (sonlig, temperatuur, reënval en wind) Edafiese/grondfaktore (grondtekstuur, gronddiepte, grondwater, grondvrugbaarheid) <i>Biotiese faktore:</i> <ul style="list-style-type: none"> Produsente; Verbruikers en Ontbinders 		
Landbou-ekologie	Ekologie en landbou-ekologie		

Onderwerp	Subonderwerp	Inhoud	Voorbeelde (ingesluit maar nie daartoe beperk nie)
Landbou- ekologie vervolg	Interaksies in ekosisteme en ekologiese boerdery	<ul style="list-style-type: none"> Energievloei in ekosisteme <ul style="list-style-type: none"> - Voedselkettings, Voedselwebbe en Voedselpiramides Voedingstofsiklering in ekosisteme <ul style="list-style-type: none"> - Watersiklus; Koolstofsiklus; Stikstofsiklus Interaksie tussen organismes in ekosisteme <ul style="list-style-type: none"> - Mededinging; Roofdier-prooi; Mutualisme; Kommensalisme; Parasitisme Ekologiese boerderymetodes of ekologiese boerderystelsels met inbegrip van: <ul style="list-style-type: none"> - Organies; Biologies; Bewaring; Wild en Volhoubare/alternatiewe boerdery 	
	Biome van Suid-Afrika	<ul style="list-style-type: none"> 'n Beskrywing van die hooftipes biome van Suid-Afrika op grond van die volgende: <ul style="list-style-type: none"> - Ligging, klimaat, fauna en flora Identifisering van die ligging van die hoofbiome op 'n kaart van Suider-Afrika Die menslike impak op die biome van Suider-Afrika Die belangrikheid/betekenis van hierdie biome vir Landbou 	
	Klimaatsverandering of effek van weerverskynsels	<p><i>Die konsep: klimaatsverandering en aardverwarming</i></p> <ul style="list-style-type: none"> Die hooftokte wat aardverwarming veroorsaak Die impak van klimaatsverandering of aardverwarming op Landbou Langtermynweervoorspellings en sikliese patroon van reënval in Suid-Afrika Korttermynklimaat en weervoorspellings (weerburo) Landbou-aanpassingsmaatreëls om klimaatsverandering te oorkom 	

GRAAD 11

Onderwerp	Subonderwerp	Inhoud	Voorbeelde (ingesluit maar nie daartoe beperk nie)
Grondkunde	Grondtekstuur	<ul style="list-style-type: none"> • <i>Die konsep: grondtekstuur</i> • Die hoofgroeperings van gronddeeltjies (klei, slik en sand) wat die grondtekstuur bepaal en hul onderskeie diameters • Wetenskaplike metode om die hoeveelheid sand, slik en klei in 'n grondmonster te bepaal (gebruik van 'n sif/meganiese/chemiese metode) • Bepaling van die tekstuurklasse (grondtekstuur-driehoek) van grond en interpretasie van tekstuur-driehoek • Die invloed van sand- en kleideeltjies se grootte/tekstuur op grondkenmerke/-gedrag • Die twee veldmetodes om die grondtekstuurklas te bepaal: <ul style="list-style-type: none"> - Worsiemetode en Voelmetode • Die belangrikste redes waarom 'n boer moet weet wat die tekstuurklas van sy/haar plaasgrond is 	
	Grondstruktuur	<ul style="list-style-type: none"> • <i>Die konsep: grondstruktuur</i> • Die klassifikasie/tipes grondstrukture (vorm en grootte) • Die faktore wat die ontwikkeling en stabiliteit van grondstruktuur beïnvloed • Die faktore of wanpraktyke wat die vernietiging/agteruitgang van grondstruktuur veroorsaak • Die verskillende metodes wat boere kan toepas om 'n swak grondstruktuur te verbeter • Die voordele van goeie grondstruktuur met verwysing na: <ul style="list-style-type: none"> - Die voorkoming van grondkompaktering - Korsvorming - Gronderosie - Soutwanbalanse - Beperking van die effek van 'n droogte en beperking van oormatige natheid 	
	Grondkleur en grondporieë	<p>Grondkleur</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verskille tussen 'n homogene en niehomogene grondkleur • Die hoof-faktore wat die kleur van grond bepaal • Die interpretasie van die volgende grondkleure: <ul style="list-style-type: none"> - Donker, Rooi, Lig, Geel, Gryserige kleur en Gevlekte voorkoms <p>Grondporieë</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die effek van grondtekstuur, grondstruktuur, gronddiepte en grondbewerking op die totale porieruimte in 'n grond • Die verskille tussen makroporieë en mikroporieë en hul funksies in 'n grond • Die massadigtheid en poreusheid 	

Onderwerp	Subonderwerp	Inhoud	Voorbeelde (ingesluit maar nie daartoe beperk nie)
		<ul style="list-style-type: none"> Die definisies van grondmassadigtheid en -poreusheid Maniere om die massadigtheid van 'n grond te bepaal, te bereken en te interpreteer 	
Grondkunde vervolg	Grondlug	<ul style="list-style-type: none"> Faktore wat die massadigtheid beïnvloed Die faktore wat die berging en beweging van grondlug beïnvloed Vergelyking tussen atmosferiese en grondlug (op grond van die stikstof-, suurstof- en koolstofdiksiedinhoud) Die belangrikheid/noodsaaklikheid van die volgende grondgasse: suurstof, koolstofdiksied en stikstof 	
	Grondvog	<ul style="list-style-type: none"> Die basiese tipes grondwater en hul kenmerke 'n Beskrywing van grondwaterverliese en maniere om hierdie verliese te beperk Die natuurkragte wat 'n effek op grondwater het (adsorpsie, elektrostaties, kapillariteit, binding, kohesie, ens.) Die verskillende bewegings van water deur die grond Die beskikbaarheid van grondwater vir 'n plant by die volgende perke van grondwaterinhoud: <ul style="list-style-type: none"> Versadigingspunt; Veldwaterkapasiteit; Tydelike verwelkpunt; en Permanente verwelkpunt. Wetenskaplike metodes om die volgende aspekte wat met grondwater verband hou, te illustreer: <ul style="list-style-type: none"> kapillêre en gravitasiebeweging van water Effektiewe grondwaterbestuur (op grond van die manipulering van die grondwaterbalans) 	
	Grondtemperatuur	<ul style="list-style-type: none"> Die hoof faktore wat grondtemperatuur beïnvloed Die wetenskaplike benadering om die effek van hierdie faktore wat grondtemperatuur beïnvloed, te meet Die effek van grondtemperatuur op fisiese, chemiese en biologiese prosesse wat in die grond plaasvind Die maniere/metodes om grondtemperatuur vir beter produksie te manipuleer (bewerkingsmetodes en beheerde omgewing) 	
	Grondkolloïede	<ul style="list-style-type: none"> Die beskrywing en kenmerke van anorganiese grondkolloïede Die verskille tussen anorganiese en organiese kolloïede, kationabsorpsie en kationruiling in grond Manipulering van die katione en kationruiling in die grond 	
	Grondsuurheid	<ul style="list-style-type: none"> Die pH-skaal en waterstofioonkonsentrasie Die konsep: gronduurheid (oorwegend katione). Die onderskeid tussen aktiewe suurheid en reserwesuurheid Die faktore wat die grondaansuringsproses beïnvloed/veroorsoek Die effek van gronduurheid op gewasproduksie 	

Onderwerp	Subonderwerp	Inhoud	Voorbeelde (ingesluit maar nie daartoe beperk nie)
		<ul style="list-style-type: none"> Die metodes om grondaansuring te voorkom/beheer Die ruilreaksie in die grond wat tydens die herwinningsproses voorkom (chemiese reaksie) 	
Grondkunde vervolg	Grondalkaliniteit en -southeid	<ul style="list-style-type: none"> <i>Die konsep: grondalkaliniteit</i> (oorwegend atione) Die verskille tussen southoudende grond en natriumhoudende grond Die kenmerke van southoudende grond/wit brakgrond Die faktore wat brakheid/grondalkaliniteit/southeid beïnvloed/veroorzaak Die effek van alkaliniteit/brakheid op gewasproduktiwiteit Die metodes om grondalkaliniteit te voorkom/beheer Die prosedures wat gevolg moet word by die herwinning van alkaliese/brakgrond 	
	Grondorganismes	<ul style="list-style-type: none"> Die verskille tussen mikroorganismes en makroorganismes in grond (met voorbeelde) Die hoofgroepe grondmikroorganismes (met voorbeelde) Die belangrikheid en rolle van mikro- en makroorganismes in grond Die vereistes vir mikro- en makroorganismes in grond Die koolstofsiklus/-omskakeling deur mikroorganismes Die stikstofsiklus/-omskakeling deur mikroorganismes Die proses van simbiose op grond van die volgende: mikorisa (swam) en <i>Rhizobium</i>-bakterieë. <i>Die terminologie:</i> ammonifisering, nitrifisering, denitrifisering, stikstofassimilasie, oplosbaarmaking, immobilisering en mineralisering 	
	Organiese grondmateriaal	<ul style="list-style-type: none"> <i>Definisies van die volgende konsepte:</i> vars organiese materiaal en humus Die fisiese, chemiese en biologiese effek van organiese materiaal op grond Die faktore wat die balans tussen die wins en verlies aan organiese materiaal in grond beïnvloed Die effek van die afname van organiesemateriaal-inhoud op grondagteruitgang 	
Plantestudies	Fotosintese	<ul style="list-style-type: none"> Die skematiese voorstelling van fotosintese Die verskille tussen fotosintese en respirasie Die hoofpigment wat by fotosintese betrokke is en die funksie daarvan in plante Die belangrikheid/rol van fotosintese Die donker- en ligreaksie/-fase van fotosintese Die berging van voedsel en verskillende organe wat vir voedselberging in plante gebruik word Die faktore wat die tempo van fotosintese beïnvloed Die manipulerings van plante om die fotosintese tempo te verhoog 	

Onderwerp	Subonderwerp	Inhoud	Voorbeelde (ingesluit maar nie daartoe beperk nie)
Plantestudies vervolg	Water en voedingstowwe	<p>Absorpsie en berging van water en voedingstowwe</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die belangrikheid/funksies van water in plante • Die beweging van water van die grond na die wortels van plante • Die onderskeid tussen osmose en diffusie • <i>Die verskille tussen die volgende prosesse:</i> beweging van water van die wortels na die stingels en blare, beweging van water van die blaar na die lug (atmosfeer) • <i>Die terme:</i> transpirasietrekkrag en osmotiese vloei • Plante se aanpassingseienskappe om transpirasietempo te verlaag (hoe plante transpirasie beheer) • Beweging van die produkte van fotosintese (voedingstowwe) 	
	Mineraalvoeding: makro- en mikro-elemente	<ul style="list-style-type: none"> • Die verskil tussen mikro-/spoor-elemente en makro-elemente • <i>Die verskillende makro-elemente:</i> Stikstof, swael, fosfor, kalium, kalsium en magnesium (die belangrikheid/funksies, vorm waarin dit geabsorbeer word en die tekortsimptome van elk) • <i>Die verskillende mikro-elemente:</i> yster, mangaan, boor, sink, koper, molibdeen en kobalt (die belangrikheid/funksies, vorm waarin dit geabsorbeer word en die tekortsimptome van elk) 	
